Vrydag **13 Desember**

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:22-26**

**Fokusgedeelte: Eksodus 15:26**

**Die hout**

Elkeen van ons beleef van tyd tot tyd ’n wildernis-lewe. Tye wanneer my omstandighede my begin oorweldig, ek strompel na waar ek dink die volgende waterpunt is, en as ek daar kom, gaan sit ek moedeloos – want die water waar ek gedink het ek my dors gaan les, is brak.

Israel word met magtige dade uit Egipte verlos. Die Here het Farao so geteister dat hy by sy slawe pleit: “Gaan asseblief tog, vat julle vryheid, trek!” En toe Farao die leë steengroewe en vuil skottelgoed in elke huis sien, verander hy van plan, sit sy weggejaagde slawe agterna. Keer hulle vas teen die Rietsee. En die verskrikte, oorwerkte slawe – mans, kinders, vroue – word wonderbaarlik deur die Here gered. Hulle trek op droë grond deur die Rietsee, Farao en al sy manne verdrink.

Die vrygemaakte slawe se eerste les: As jy vry wil lewe, is jy van die Here afhanklik. Nog oorweldig deur die Here se reddingsdaad, begin hulle die wildernis in loop. Hulle water raak op, drie dae. Waar gaan ons water kry? Dan sien hulle ’n oase. Water! Gaan skep. Bitter. Brak. Ag Here, die wildernis-lewe is nie vir sissies nie.

Die Here antwoord, gooi ’n boomstomp in die water. ’n Stomp soos hierdie is in ’n bitter wêreld staan gemaak. Waar Christus ons bitter dra en ons soet lewenswater gee. Dis die kuns om in ons wildernisse te oorleef:

- Glo dat sy kruis my water gee wat my dors les. Jahwe* wil dat ek oorleef. Hy wil my van my dors genees.
- Ek, gedring deur die Gees, sien hierdie fontein raak in my wildernis. Ek drink diep en lank uit sy deernis en sorg.
- En ek volg Hom onvoorwaardelik. Sy roete word my roete. Sy manier van reis word my manier. Ek drink uit Hom en word self ’n oase waar sy water opborrel. Sodat selfs in my wildernis-lewe ander Hom by my kom vind.

Elim, plek van die groot skaduweebome, wag.

* Jahwe (Eks. 3:14) is God se eienaam, word in sommige vertalings met HERE weergegee. Die naam word dikwels geassosieer met sy verhouding met ons.

*Sing: Psalm 42-1, 42-2 of 42-3 (kies verse wat by jou wildernis-lewe pas)*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*